**BLOMMERANGSKIKKING - TEMA: GEÏNSPIREER DEUR ’N TEKSTIEL**
**Die meeste VVLU-lede het ’n liefde vir ’n mooi stukkie lap … Gaan haal nou daardie spesiale stukkie lap en kom kombineer dit saam met blomme en loof om ’n baie kreatiewe blomontwerp te maak.**

**RIGLYNE**
**Let asb. daarop dat die tafelbedekking, insluitend die agtergrond van die ontwerp, wit is.**

- **’n Ontwerp op ’n tafel.**
- **Lengte van beskikbare oppervlakte: 90 cm**
  **Breedte van beskikbare oppervlakte: 70 cm**
- **Die ontwerp mag nie die gegewe spasie oorskry of onderbenut nie.**
- **Die beoordeling van die ontwerp geskied slegs op grond van die vooraansig van die ontwerp.**
- **Die hoogte van die ontwerp is onbeperk, maar goeie balans is belangrik.**
- **Die ontwerp moet by die konferensie/kongres vervaardig word en mag nie voltooid ingedra word nie.**
- **Daar mag voorafvervaardigde komponente gebruik word, maar dit mag nie die ontwerp oorheers nie.**
  **Dus, die voorafvervaardigde komponente moet minder wees as dit wat die deelnemer by die konferensie/kongres kom rangskik. Voorbeelde van voorafvervaardigde komponente sluit byvoorbeeld ’n sfeer van materiaal of ’n geverfde en geplakte vorm in.**
- **Plantmateriaal, hetsy vars of droog, moet in alle gevalle die onnatuurlike komponente oorheers.**
  **Geparste of plantmateriaal wat gedroog is en/of geskeleteer is, word as natuurlik beskou.**
- **Die tekstiel wat die deelnemer as inspirasie kies, moet deel van die ontwerp vorm. Dit mag egter nie die ontwerp oorheers nie.**
- **Bykomstighede mag gebruik word.**
- **Plantmateriaal moet in ’n waterhoudende medium gerangskik wees.**
- **Oppervaktekleuring of die verf van plantmateriaal is toelaatbaar.**
- **Organiese dierlike materiaal soos ystervarkpenne en bokhorings of skulpe mag gebruik word. Hou egter in gedagte dat dit nie plantmateriaal is nie, en dus nie oorheersend mag wees in die ontwerp nie.**
- **Enige ontwerp wat deur die beoordelaars as ’n kopie herken word sal streng gepenaliseer word. Deelnemers moet onder geen omstandighede rangskikkings wat op die internet verskyn kopieer nie.**
- **Geen hulp mag verleen word met die rangskik van die ontwerp nie.**
  **Die gids mag wel help met die optel en vashou van swaar komponente.**
- **Die ontwerp moet gerangskik en voltooi word in die gegewe tyd (2½ ure).**
- **Geen ontwerp mag na die deelnemer die lokaal verlaat het verander word of verwyder word nie. Dit is ontoelaatbaar vir enige deelnemer om terug te kom en veranderinge aan die ontwerp aan te bring.**
- **Die neem van foto’s (met selfoon) is verbode voor beoordeling. Na die beoordeling is die deelnemers en publiek welkom om foto’s te neem.**
- **Die gebruik van selfone tydens die rangskiktyd word nie toegelaat nie.**
- **Die beoordelaars se beslissing is finaal.**

(Opgestel deur: Schalk van Dyk)

**FLOWER ARRANGEMENT - THEME: INSPIRED BY A TEXTILE**

**Most FSWAU members fancy a nice piece of material ... Go take out that special piece of material now and combine it with flowers and foliage to make a very creative floral design.**

**GUIDELINES**

**Please note that the table covering is white, including the background of the design.**

- **A design on a table.**
- **Length of available area: 90 cm**
  **Width of available area: 70 cm**
- **The design must not exceed or underutilise the given space.**
- **The design is judged solely based on the front view.**
- **The height of the design is unlimited, but good balance is important.**
- **The design must be constructed at the conference/congress and may not be brought in as an already completed design.**
- **Prefabricated components may be used, but they must not dominate the design. Thus, the prefabricated components should be less than what the entrant comes to construct at the conference/congress. Examples of prefabricated components include, for example, a sphere of material or a painted and pasted shape.**
- **Plant material, whether fresh or dry, should, in all instances, dominate the unnatural components.**
  **Pressed or plant material dried and/or skeletonised is considered natural.**
- **The textile that the entrant chooses as inspiration, must form part of the design. However, this should not dominate the design.**
- **Accessories may be used.**
- **Plant material must be arranged in a water-retaining medium.**
- **Surface dyeing or colouring plant material is allowed.**
- **Organic animal materials such as porcupine quills, goat horns, or shells may be used. However, keep in mind that this is not plant material and, therefore, should not be dominant in the design.**
- **Any design the judges recognise as a copy/replica will be strictly penalised. Under no circumstances should entrants replicate arrangements that appear on the Internet.**
- **No assistance may be given whilst arranging the design.**
  **The guide may assist with lifting and holding heavy components.**
- **The design should be arranged and completed in the given time (2½ hours).**
- **No design may be changed or removed after the entrant has left the venue. No participant is allowed to return and make changes to the design.**
- **Taking pictures (using a mobile phone) before judging is prohibited. After judging, the participants and the public are welcome to take pictures.**
- **The use of mobile phones during the arrangement time is not allowed.**
- **The judges' decision is final.**

(Prepared by: Schalk van Dyk)